


# VOLLEDIGE INDEKS


## Hoofverhoog Konserte

Huisgenoot Afskopkonsert
Jacarandafm Konsert
kykNET Konsert

## Kuierverhoë

Alternatief @ kykNET-verhoog
Cell C & kykNET-verhoog
Mopani-verhoog in die Wingerd Kuiertuin
kykNET Country Konsert
DJ'S @ Cell C-verhoog

## Laevelder Boma-kuierteater

Aspris - Bibi
Ferdinand Deist Weskusstories - Botha Enslin
Meer as Mooi: Die Krag van Stilering - Lee Scott
Die Real Housewife - Lizz Meiring
Uitgevang! - Riaan Loubser
ATKV- Storievuur - Jy sal my nie glo nie?! - Pietman Geldenhuys

## ATKV-Boeke-oase

Pieter Mulder – Parlementpraatjies
Mike Bolhuis – Valskermbataljonverhale II
François Bloemhof – Een keer om die son
Jak de Priester – Van Sally Williams tot Somerset-Wes
Wilna Adriaanse – Grensloos
Marinda Engelbrecht – No Thank you to Obesity
Bibi gesels met ... Frank Opperman en Willie Esterhuizen
Bier-uur met Beer Adriaanse
Wat sê *Die Papier* – Barnard Beukman en Izak du Plessis
Jak de Priester gesels met ... Coenie de Villiers en Amanda Strydom
RSG-Lekkertes

## Woelwaters

B is vir Boelie
Hooper gaan skool toe
Puppetrix se Wilde Wonders
Jakkie NOU! Die Tandemuis kry 'n blaaskans
Ronnie die Renoster
David Dee Magic-trieks
ATKV- Storiebos
Kolwyntjiepret

## Stalletjies wat IN is!

## Innibos Kunsuitstalling

Tradition Transformed
Volkslied Kunsuitstalling
Feeskunstenaar Uitstalling: Odette Saayman




Die Heuwels Fantasties, Die Piesangskille, Elvis Blue, Karlien van Jaarsveld, Ricus Nel, Van Pletzen en Pieter Koen




Bobby van Jaarsveld, Fokofpolisiekar, Juanita du Plessis, Riaan Benadé, Spoegwolf en Zaan Sonnekus

# HOOFVERHOOG KONSERTE




Appel, Barto, BlackByrd, Brendan Peyper, Early B, Elandré, Eloff, Francois van Coke, Irene-Louise van Wyk, Juan Boucher en Riana Nel

# KYKNET VERHOOG - ALTERNATIEF KONSERT




Coenie Naudé, Droomsindroom, GSTRiNG, Juan Bester en Saxby Twins
















# TOP SANGERS OP DIE KUIERVERHOË TE SIEN!

Die kuierverhoë gaan vanjaar bruis met musiek wat IN is en kunstenaars wat die feesgangers behoorlik gaan laat saamsing.

Op die Cell C- en kykNET-verhoog gaan daar 'n wye verskeidenheid kunstenaars vir elke smaak optree – van nuwe talent tot gevestigde gunstelinge.

Nuwelinge wat jy eerstehands kan beleef is Ariana Venus, Ryk Kleinhans, Shan Read, Venter, Wilma van Heerden en Zoé.

Ander bekende sterre wat ook hulle slag gaan toon, is onder andere Radio Kalahari Orkes, Ghapi, Jakkie Louw, Franja du Plessis, Jan Mattys en Steyn Fourie!
Musiek en talent wat jy eenvoudig nie kan misloop nie!

cell C kykNET









# MOPANI-VERHOOG IN DIE WINGERD KUIERTUIN

Die Wingerd Kuiertuin is 'n besondere area op die feesterrein spesiaal vir die ware fynproewers. Op die Mopani-verhoog word daar rondom musiek, heerlike kos en wyne gekuier en dit weerspieël alles wat IN is vanjaar.

Kom speel Donderdag, 2 Julie 2026 om 12:00 saam met die sprankelende Lizz Meiring Bingo.

Daar is ook elke dag op die Mopani-verhoog om 13:00 'n leefstyl-ervaring saam met Jacques Lombard. Hier word styl, smaak en vermaak saamgesnoer: van koffie en cocktails tot die kuns van onthaal. Met spesiale gaskunstenaars Marinda Engelbrecht, Wynand van Vollenstee, Thiart Li en bekende smaakmakers Matie van Graan en Dené Lindeque-Fouché beloof hierdie om 'n unieke ervaring te wees.

Kom na die Mopani-verhoog en luister na uitstekende sangers soos Len Muller, Alouise, Thapelo Lekoane asook uitsonderlike plaaslike talent soos Mathew Gold en Wanda Zonke. Kom beleef uitstaande klanke van Ultracoustic Duo en die veelsydige Velvet Motion Duo, waar Corné en Heidi Dannhauser se talent op sewe instrumente jou gaan betower.




MOPANI PHARMACY
ARRIE NEL GROUP











# kykNET COUNTRY KONSERT

Gestewel en gespoor – dit is Country-tyd! Maak seker jy is op die feesterrein op Vrydag, 3 Julie 2026, want Toyota Innibos bring vanjaar weer die kykNET Country Konsert. Die hie-ha lekkerte skop af om 16:00 op die kykNET-verhoog. Kom skoffel saam met top Country sangers soos Sean Miles, Pieter Rischmüller, Franja du Plessis en Armand Hofmeyr. Trek jou cowboyhoed reg, want hierdie gaan 'n konsert vol ritme, dans em saamsing wees!










# LAATNAG KUIER @ cell C -VERHOOG

Vir die langasem krieke is daar na die hoofverhoog-konserte lekker musiek om die aand mee af te sluit.

Kom luister Donderdag na die plaaslike DJ's, BassBroers. Hulle gaan kom wys hoe om in Mbombela partytjie te hou.

Vrydag is Brendan Peyper op die spyskaart en gaan met sy polsende ritmes die voete laat jeuk.

DJ Jaydon Mark gaan Saterdagaand die Cell C-verhoog aan die brand steek met sy aansteeklike energie!







Die Laevelder Boma-kuierteater op die feesterrein bied stukkies teater uit die boonste rakke aan. Hier word feesgangers kuier-kuier aan teater en ander kunsvorme blootgestel. Kom geniet kort eenmanvertonings, toneelproduksies en interessante onderhoude. Alle vertonings by die Laevelder Boma-kuierteater is gratis (ingesluit by die hektoegang).



# Aspris

**Met Bibi**

**Datum en tyd: Do 2 Jul 16:00; Vr 3 Jul 12:00; Sa 4 Jul 14:00**

Sterker, skerper en meer vasberade as ooit tevore. Op 'n vlak waar min ander haar kan ewenaar – vars en nuut! Dit is Bibi se One Lady Show, Aspris. Met rou talent, harde werk en 'n onstuitbare dryfkrag is sy reg om die fees op horings te neem en gehore te beïndruk.



# Die Dood van die Founmannetjie en ander Ferdinand Deist Weskusstories

**Met Botha Enslin**

**Datum en tyd: Do 2 Jul 14:00; Vr 3 Jul 16:00; Sa 4 Jul 15:00**

Soos 'n bontspul vygies wat in 'n dorre Sandveldse landskap uitbars, so kleurryk is die mense wat hierdie streek aan ons land se Weskus hul tuiste noem. Sommige groots soos hul omgewing, of klein en dwaas soos mense ook maar is. Botha Enslin bring 'n keur van gewilde kontreistories, geskryf in tipiese streekstaal wat handel oor 'n unieke wêreld en sy mense, na die verhoog toe. Botha gee in hierdie produksie lewe aan meer as 35 karakters.



# Die Real Housewife

**Met Lizz Meiring**

**Datum en tyd: Do 2 Jul 16:00; Vr 3 Jul 12:00; Sa 4 Jul 14:00**

Kykers het vasgenael gesit toe die TV-program uitgesaai is – die skok en verbasing was tasbaar. Die meeste mense kon nie glo wat hulle sien nie, want dit was verrassend én snaaks. Maar wie is werklik die "real" housewife? Is dit die stylvolle, selfversekerde vrou met blink juwele, perfekte hare en 'n foutlose Facebook-lewe, of steek daar meer agter die skerms?

In hierdie splinternuwe solostuk, waarin Lizz haar eiesoortige karakterskildery op die verhoog bring, gaan jy jou dikwels aan die lag vang, en dalk sal jy jou kop skud van verbasing. Met skerp humor spot sy met realiteits-TV en die manier waarop samelewings die glanswêreld verheerlik. Die vertoning is nie net vermaaklik nie, maar laat jou ook wonder oor ons idees van "realiteit", identiteit en die sogenaamde perfekte lewe.



# Uitgevang!

**Met Riaan Loubser**

**Datum en tyd: Do 2 Jul 13:00; Vr 3 Jul 15:00; Sa 4 Jul 13:00**

Jy dink jy is in beheer. Dink weer. In hierdie kopkrapper-ervaring ontbloot ons Mentalist, Riaan Loubser hoe mense beïnvloed word sonder dat hulle dit besef. Van slim oorreding tot alledaagse manipulasie, meng Uitgevang verstommende demonstrasies met storievertelling, mentalisme, suggestie en kulkuns om te wys hoe maklik ons "uitgevang" kan word. 'n Slim, verrassende ervaring wat jou anders laat kyk na alles om jou.



# ATKV- Storievuur - Jy sal my nie glo nie?!

**Met Pietman Geldenhuys**

**Datum en tyd: Vr 3 Jul 17:00**

Kom luister na onvertelde staaltjies wat agter die skerms gebeur. Pietman vertel met stories en musiek van die absurditeit en eienaardighede wat gepaard gaan met die mens se lewensreis. Dit is snaaks maar ook hartroerend. GENOT gespel in hoofletters. Moenie dié eenmalige ATKV-Storievuur-produksie by die Boma-kuierteater misloop nie.



# Meer as Mooi: Die Krag van Stilering

**Met Lee Scott**

**Datum en tyd: Do 2 Jul 12:00; Vr 3 Jul 13:00; Sa 4 Jul 16:00**

Lee Scott, mede-eienaar van Scott & Jacobs Styling en die stilis agter die tydskrif voorblaaie van *Rooi Rose*. Met sy kennis as mede eienaar van een van Suid-Afrika se grootste grimeermaatskappye, Willem Botha Beauty wil hy in hierdie reeks praatjies die alledaagse vrou uitnooi om styl op 'n nuwe manier te ontdek – nie volgens reëls nie, maar volgens jóú lyf en jóú beste eienskappe. Leer hoe om aan te trek met selfvertroue, jou mooiste *features* te beklemtoon en styl te gebruik as 'n manier om jou storie te vertel. Hierdie sessies is inspirerend en vir elke vrou wat beter wil voel in wat sy dra.

Die ATKV-Boeke-oase is dié plek om te ontspan en kos vir die siel te kry! Hier kan jy heeldag rustig saam gesels, kuier, koop en luister.

## Exclusive Books-Boektafel en boekwinkel

Na die gesprekke met die onderskeie skrywers, sal hulle boeke te koop aangebied word. Die Exclusive Books-boekwinkel is reg langs die ATKV-Boeke-oase, waar daar 'n groot verskeidenheid boeke te koop aangebied word.

**Bekende en geliefde skrywers verklap elke dag hul skryf- en ander geheime tydens die ATKV-Boekgesprekke.**
**Kom maak kennis, luister na wat hulle inspireer en laat jou boek teken!**

## Pieter Mulder – Parlementpraatjies uitgegee deur Naledi





**Do 2 Jul 13:30**

**Gesprekleier: Annemarie van der Walt**

Die parlement het eienaardige tradisies asook unieke name vir ampsdraers – woorde soos speaker, swepe, ampstaf, ampswag, lesings, afpaar en verdelings. Dit kan verwarrend wees. Die parlement het 'n voorsitter wat min praat. Hoekom noem hulle die persoon steeds 'n "speaker"? Waarom stribbel 'n nuutverkose speaker teë en moet hy letterlik deur die swepe na die voorsitterstoel gesleep word? Parlementslede kan sekerlik lees. So hoekom word 'n wetsontwerp 'n eerste en tweede keer aan hulle voorgelees? Hierdie boek beantwoord al hierdie vrae en nog meer op 'n boeiende – en dikwels vermaaklike – manier. Die hoofstukke is doelbewus lig en humoristies, gevul met ware staaltjies oor amusante situasies en unieke parlementêre persoonlikhede. Die boek is gebaseer op 'n reeks praatjies wat die skrywer op RSG gelewer het.

## Mike Bolhuis – Valskermbataljon-verhale II uitgegee deur Naledi



**Do 2 Jul 15:00**

**Gesprekleier: Annemarie van der Walt**

Met die reusesukses van Valskermbataljon-verhale wat verlede jaar verskyn het, is daar 'n groot aanvraag vir nog stories uit die penne van valskermsoldate wat elkeen op 'n unieke manier en in hul eie woorde hul ervarings in dié elite-eenheid deel. Soos met die eerste boek, is hierdie stories van deernis, waagmoed, waaghalsigheid, deursettingsvermoë en uiterste lojaliteit, geskryf in die taal en styl van elke individuele soldaat; elkeen se eie ervarings in sy eie woorde. Valskermbataljon-verhale 11 is stories van moed, deursettingsvermoë, gevaar, humor, vasbyt en verlies wat die leser by tye laat regop sit, glimlag en ook diep laat nadink.Hierdie is 'n boek nie net vir en oor soldate nie, maar vir elkeen wat nog ooit gewonder het oor die manne in maroen, hul valskerms en die eenheid.

## François Bloemhof – Een keer om die son uitgegee deur Queillerie





**Vr 3 Jul 12:00**

**Gesprekleier: Hancu Louw**

Dit neem 'n jaar vir die aarde om een keer om die son te wentel. In dié tyd kan geweldig baie gebeur, bitter én soet. Die aangrypende verhaal van 'n gesin wat op die oog af gelukkig is . . . Maar dan vind 'n tragedie plaas wat tergende vrae tot gevolg het, en alles verander oornag. Want menseverhoudinge is kompleks, en dié verhaal beeld dit in volle geskakeerdheid uit. Bekroonde skrywer François Bloemhof het hierdie aangrypende TV-reeks verwerk tot 'n roman wat wyd byval sal vind.

## Jak de Priester – Van Sally Williams tot Somerset-Wes




**Vr 3 Jul 13:30**

**Gesprekleier: Sanett Oosthuizen**

In 2001 skryf Jak de Priester sy eerste groot treffer, *Sally Williams Nougat* — die lied wat die begin sou wees van 'n merkwaardige Afrikaanse musiekloopbaan. Tans woon Jak de Priester in Somerset-Wes, en oor die afgelope vyf-en-twintig jaar het hy 'n indrukwekkende arsenaal van liedjies geskep. Sy lirieke weerspieël stories van Suid-Afrika en van sy persoonlike ervarings - 'n reis van groei en herinneringe. Nou, ná 'n kwarteeu, stel hy 'n bundel lirieke bekend wat oor 25 jaar geskryf is. Kom luister hoe die ervarings in woord en liriek gestalte gekry het.

## Wilna Adriaanse – Grensloos
## Uitgegee deur Tafelberg





**Vr 3 Jul 15:00**

**Gesprekleier: Beer Adriaanse**

Sabine Maartens is ongetem: ná ʼn pynlike jeug bou sy haar eie lewe as vlieënier in Botswana, gedryf deur ʼn passie om wilde diere te beskerm—selfs al plaas dit haar soms aan die verkeerde kant van die reg. Jare gelede het sy Max Krige, ʼn voormalige Interpol-agent en nou ʼn top-onderhandelaar, ontmoet, en die vonke het gespat. Nou word Sabine as gyselaar uit die delta ontvoer, met geweld in haar spoor. Max moet ingryp, maar hierdie keer is dit persoonlik. Kan hy lewens red sonder om sy hart te volg? Grensloos is ʼn spanningsvolle verhaal vol intrige en intense verhoudings.

## Marinda Engelbrecht -
## No Thank you to Obesity





**Sa 4 Jul 12:00**

**Gesprekleiers: Dr. Rust Theron en Chane Bothma**

Op reis met my lyf. Die dag het aangebreek dat ek oor een van my moeilikste onderwerpe moes gesels. Vir só lank het ek dit uitgestel, want waar begin mens nou juis met jou gewigsreis? Dis ʼn sielkundige reis wat jy geloop het. Dis is reis vol trane, tydelike oorwinnings, en dan weer groot teleurstellings. Dis ʼn reis van 114kg tot 61kg, en my gewig is al vir 6 jaar konstant. Ek het die boek saamgestel in samewerking met twee dieetkundiges, Lindie Mosehuus en Chane Bothma en Dr Rust Theron, ʼn internis. Kom luister na wat ons paneel oor hierdie onderwerp te sê het en gesels lekker saam – dis nie regtig so ʼn gewigtige onderwerp nie.

# Ander lekkertes by die ATKV-Boeke-oase

## Bibi gesels met … Frank Opperman en Willie Esterhuizen





**Do 2 Jul 12:00**

Akteur, sangeres en geliefde komediant Bibi gesels met Frank Opperman en Willie Esterhuizen oor hulle loopbane. Verwag skerp insigte, heerlike onthullings en hope pret – want as hierdie drie die verhoog deel beloof dit om die lagspiere te kielie. Kom beleef ʼn uur propopvol humor, maar ook met hart en onvergeetlike oomblikke.

## Bier-uur met Beer
## Met Beer Adriaanse



**Sa 4 Jul 11:00**

VIA (DStv-kanaal 147) se gewilde algemenekennisspeletjie *Slim vang sy baas: musiek* kom maak ʼn draai by Innibos Kunstefees! Kom kuier, speel saam en toets jou kennis met VIA se slimste speletjiesmeester, Beer Adriaanse. Dis vinnige vrae, slim antwoorde en hope pret vir almal! Dié wenkombinasie waarborg ʼn uur propvol lag, leer en lekker saamkuier - moenie dit misloop nie!

## Wat sê *Die Papier*
## Met Barnard Beukman en Izak du Plessis

DiePapier




**Sa 4 Jul 13:30**

Die mediatoneel in Suid-Afrika is ietwat op sy kop omgekeer deur Novus Media se besluit om vanjaar ʼn nuwe gedrukte koerant te begin en dit nogal in Afrikaans! Noudat *Die Papier* reeds etlike maande op die rak is, kom vra Izak du Plessis van Nuuspod vir Barnard Beukman, die eerste redakteur onder meer die vrae: Wat, Waarom en Waarheen? Hulle gesels nie net oor die nuwe koerant en die betekenis daarvan vir Afrikaans nie. Maar bekyk ook die jongste ontwikkelinge in die medialandskap as geheel. Kom luister en gesels saam in hierdie hoogs interessante gesprek.

## Jak de Priester gesels met … Coenie de Villiers en Amanda Strydom





**Sa 4 Jul 15:00**

Jak de Priester is ʼn meesteronderhoudvoerder soos dit blyk uit kykNET se *Koppieteefontein* en RSG se Glasiewynfontein. Kom ervaar self hoe hy in gesprek tree met die musiekreuse Coenie de Villiers en Amanda Strydom, waar hulle openhartig gesels oor hul musiek en die stories agter hul inspirasie. Met sy unieke vermoë om kunstenaars heeltemal op hul gemak te stel, neem Jak jou saam op ʼn intieme reis wat feesgangers ʼn seldsame blik agter die skerms van hierdie ikoniese kunstenaars bied.

ATKV

## RSG-LEKKERTES



**Do 2 Jul en Vr 3 Jul**
**10:00 tot 11:30 RSG Regstreekste uitsending: Intussen met Eloise Cupido**

**Sa 5 Jul**
**10:00 tot 12:00 Oorskakeling na RSG Saterdag Sprankel-uitsending met Sue Pyler-Slabbert.**

RSG saai weer vanjaar van die Innibos Feesterrein by Hoërskool Bergvlam uit. Kom luister en gesels saam met Eloise Cupido Donderdag en Vrydag tussen 10:00 en 11:30 by die ATKV-Boeke-oase.

Op Saterdag 4 Julie tussen 10:00-12:00 gaan daar twee telefoniese oorskakelings na Innibos gedoen word in Sue Pyler-Slabbert se Saterdag Sprankel -program waar Eloise Cupido verslag doen oor alles wat by Innibos gebeur.

## MUSIEKLEKKERTES BY ATKV-BOEKE-OASE

Tussen die boekgesprekke deur gaan daar heerlike musiek gemaak word. Kunstenaars soos Alouise, Plain Jane, Velvet Motion Duo, Fran Prins, Henru en Schwabie, Ultracoustic Duo en Len Muller gaan hier optree.















Woelwaters is die ideale plek waar die kleinspan kan kom speel en hulle gate uit geniet. 'n Propvol vermaakprogram met baie pretaktiwiteite word van **11:00 tot 17:00** aangebied en dit is heeltemal verniet! Toegang tot Woelwaters is gratis.



## Puppetrix se Wilde Wonders

**Met Schoemé Steenkamp**

Optreetye: Do 2 Jul 14:00; Vr 3 Jul 13:00; Sa 4 Jul 15:00

Safari leier, Schoemie, neem jou op 'n wildsbesigtigingreis wat jou in verwondering sal laat. In hierdie toneelkampie word vlakvark, seekoei, leeu ensomeer verlewendig deur moderne poppeteater, stories vol rym en musiek wat jou sal meevoer. Kinders van enige ouderdom kan hierdie safari meemaak en deel in hierdie interaktiewe vertelling. Die skepper van hierdie avontuur is Schoemé Steenkamp, eienaar van PuppeTrix wat nasionaal en internasionaal haar vaardighede geleer het. Sy gaan met boeiende stories en unieke opvoerings die jongspan vermaak en stories van moed, vriendskap en wilde wysheid deel!



## Hooper gaan skool toe

**Met Steyn Fourie**

Optreetye: Vr 3 Jul 16:00

Hooper is 'n kleurvolle, komiese karakter wat sommer dadelik kinders se aandag trek. Met sy vrolike persoonlikheid wys hy vir kinders dat goeie maniere en mooi waardes nie vervelig hoef te wees nie – inteendeel, dit kan een groot avontuur wees! Hy laat maats lekker saamsing met hul gunsteling liedjies. Terwyl almal lekker kuier en skaterlag, leer Hooper hulle ook belangrike lewenslesse oor dinge soos vriendelikheid, respek, deel met ander en om mekaar te help.








## B is vir Boelie

**Met Elsmarie Serfontein, Cara-May Drummond, Erica Weyer, Mignon Mahne**

Optreetye: Do 2 Jul 15:00; Vr 3 Jul 14:00; Sa 4 Jul 13:00

*B is vir Boelie* neem jong gehore op 'n verbeeldingryke reis deur temas van boeliegedrag, vriendskap en selfaanvaarding. Die storie volg Bella, 'n 12-jarige dogter wat geboelie word omdat sy "anders" is – sy lees boeke, dra 'n bril en hou daarvan om alleen te wees. Ná 'n moeilike dag op skool besluit sy om haar ouma se stories uit te vee, maar word toe deur die towerboek ingesuig na verskeie magiese wêrelde.

Op Planeet B moet almal blou wees, op 'n seerowerskip regeer 'n kwaai kaptein met 'n seer hart, en in die Koningin se tuin wys 'n klomp snobistiese blomme vir Bella wat dit beteken om "perfek" te wees. Deur elke avontuur leer Bella – en die gehoor saam met haar – dat dit goed is om anders te wees, dat moed en sagtheid sterker is as wreedheid, en dat kleurvolle verskil iets is om te vier.
Met 'n mengsel van humor, musiek en simboliek leer *B is vir Boelie* kinders dat selfliefde, empatie en vriendelikheid altyd wen.



## David Dee Magic-trieks

**Met David Dee**

**Optreetye:Sa 4 Jul 11:00**

David Dee is die Laeveld se eie snaakse kul- en verhoogkunstenaar wat gehore laat skater én verstom! Met sy ongelooflike kulkunsies laat hy jou asem wegslaan, terwyl hy sommer in 'n oogwink kleurvolle diertjies uit ballonne tower. Sy skerp humorsin en energieke vertoning hou oud en jonk vasgenael. En moenie jou oë knip nie – voor jy weet, hou hy 'n hele spul balle tegelyk in die lug! Kom kuier saam met David Dee vir 'n vertoning vol lag, verwondering en verrassings. Jy sal nie vir 'n oomblik verveeld wees nie – dis topvermaak uit die boonste rakke!



## Ronnie die Renoster

**Met Jessica Hattingh en Ronnie die Renoster**

**Optreetye: Do 2 Jul 11:00**

Ronnie is 'n vriendelike, sing-en-dans renostertjie met 'n hart vol liefde! Saam met sy wildbewaarder-maatjie, Jess, leer hulle kinders van Jesus se liefde, goeie waardes, omgee vir mekaar en vir die natuur — alles deur opvoedkundige stories en interaktiewe liedjies wat kinders laat lag én leer! Ronnie ontvang gereeld briefies van sy drie stoute-apie-maatjies in die wildtuin, wat hom op hoogte hou van al die wildtuin-nuus en avonture. Dis pret, dis positief, dis 'n ervaring vol hart!




## Jakkie NOU! Die Tandemuis kry 'n blaaskans

**Met Jakkie Louw en Clarissa Jooste**

**Optreetye: Do 2 Jul 16:00; Vr 3 Jul 11:00; Sa 4 Jul 16:00**

Hierdie splinternuwe poppekas-konsert vertel die hartroerende en skreeusnaakse storie van die Tandemuis wat eenvoudig oorwerk is en dringend 'n blaaskans nodig het! Maar wie gaan nou die tandjies kom haal in Boer Jakkie se huis? Gelukkig is daar twee dapper veldmuise wat regstaan om te help! Felias – 'n slim, lang, maer muis met 'n brilletjie – het 'n plan vir alles. En Pokkel – 'n kort, ronde, jong muis met 'n groen hoedjie – is dalk nog klein, maar sy hart is groot en sy moed nóg groter! Saam pak hulle die groot taak aan om vir een aand Tandemuis-diens te doen. Storie deur Jakkie Louw en boek geskryf deur Jaco Jacobs. Met stemme deur Lizz Meiring, Jakkie Louw en Richard van der Westhuizen.



# ATKV- Storiebos

**Met Corlani Breyl en WilleTuin Speelskool**

**Optreetye: Do 2 Jul 13:00; Vr 3 Jul 15:00; Sa 4 Jul 14:00**

Welkom by Storiebos ... 'n Plek waar stories nie net vertel word nie... maar lewendig word! Hier, tussen die ritselende blare en fluisterende wind, kruip karakters uit hul boeke en stap reguit jou verbeelding binne. Elke boom het 'n geheim, elke klippie 'n storie – en jy kan deel daarvan word. Kom ontmoet vir Sarel Seekoei, Karoolsie die voëltjie en Lientjie Langnek. By Storiebos wag daar lag, avontuur en 'n bietjie moeilikheid ... want hier leer ons dat elke storie 'n hart het – en elke hart 'n storie.

ATKV



# Kolwyntjiepret

**Tye waarop oliebolle versier gaan word: Do 2 Jul 12:00; Vr 3 Jul 12:00; Sa 4 Jul 12:00**

Wat is nou lekkerder as 'n kolwyntjie? Om jou eie kolwyntjie te versier! Hier kan die kleinspan hul kreatiwiteit loslaat en kolwyntjies mooi en kleurvol maak met versiersuiker, blinkertjies en lekker Smarties. Strooi, plak en versier soveel jy wil!

En die allerlekkerste deel? Om daarna te sit en smul aan die kolwyntjie wat jy self versier het!

# HEELTYD SPEELTYD!

Tussen al die vertonings deur is daar baie tyd vir speel en avontuur! Spring so hoog soos jy kan op die springkastele, klim en klouter op Fun Galore se klimrame, en probeer hul supersterk, oulike speelgoed self uit. Die beste nuus? As jy 'n gunsteling speelding ontdek, kan jy vir mamma of pappa vra om dit vir jou te koop! Hierdie is die perfekte plek vir die kleinspan om te speel, te beweeg en groot pret te hê.

Fun Galore
Passionate about kids play and development!

# KINDER-OPPASDIENS OP DIE FEESTERREIN

Oom Louis Pienaar en sy span bestuur Woelwaters se aktiwiteite en ouers kan hul kinders met 'n geruste hart hier in die bekwame hande van hierdie knap span laat. Kleintjies moet in- en uitgeteken word, maar die groter kinders is welkom om te kom en gaan soos hulle wil.

'n Kinder-oppasdiens is ook daagliks beskikbaar. Ouers wat graag 'n produksie wil bywoon of net in vrede tussen die stalletjies wil gaan stap, kan gerus van hierdie diens gebruik maak.

Vir die kleinspan wat ingeteken is, is daar tydens middagete heerlike eetgoed beskikbaar – moontlik gemaak deur SUNBAKE.

Daar is ook 'n aand-oppasdiens. Inkleurgoed en speletjies hou die kleingoed besig en daar is matrassies waarop hulle kan slaap. Bekwame personeel sien na die kleintjies om teen 'n billike tarief. Vir enige navrae skakel 082 321 6311










# UITSTALLERS UIT DIE BOONSTE RAKKE!

Kom kuier vanaf 2 tot 4 Julie by die Bosmol. Hier word ’n rugbyveld omskep in die besigste winkelsentrum in die Laeveld. Dit laat ons bietjie dink aan “Krismis”, sommerso in die middel van die jaar. ‘n Tyd om jou geliefdes én jouself te bederf. Uitstallers van heinde en verre kom stal hulle unieke produkte uit: van persiese matte tot die fynste juwele en alles tussenin! Dit alles, asook die groot verskeidenheid kosstalletjies wat heerlike disse te koop aanbied – wie kan nie daarvan hou nie?











# Tradition Transformed

**A showcase of contemporary South African Craft and Design**

**Exhibition: 1 to 4 July 2026**
**Gallery Hours: Daily between 09:00 and 17:00**
**Guided Walkabout: Daily at 10:00**
**Venue: Civic Theatre Foyer**
**Official Opening: Tuesday 30 June at 18:00**

ART AID (PTY) Ltd presents Tradition Transformed, a dynamic national exhibition showcasing 30 contemporary craftworks from all nine provinces of South Africa. The exhibition celebrates creativity, innovation, and style, highlighting how traditional craft techniques are being transformed into modern, market-ready design.

The featured works come from artisans previously curated in the National Craft Awards over the past seven years, ensuring a high standard of craftsmanship, originality, and cultural relevance. Each piece interprets local identity rural and urban narratives, producing bold, visually striking, and fashion-forward craft objects across diverse mediums including ceramics, textiles, beadwork, jewellery, homeware, and sculptural pieces.

Tradition Transformed provides a platform for emerging and established creatives to gain exposure, connect with audiences, and access market opportunities. The exhibition emphasizes the relevance of South African craft in contemporary design, showing that traditional techniques can be innovative, stylish, and globally competitive.

Presented at the Innibos National Arts Festival 2026, the exhibition hopes to engage festival visitors with a curated selection of craft that reflects South Africa's diversity, creativity, and cultural vitality. The works demonstrate the country's capacity to merge heritage techniques with contemporary trends, positioning local artisans as leaders in design innovation.

Tradition Transformed reinforces the significance of craft as both cultural expression and economic opportunity, providing creatives with sustainable pathways while engaging audiences in meaningful encounters with South African design. The exhibition encourages festival-goers to explore, interact, and experience the vibrancy and ingenuity of the country's craft and design sector.

## Volkslied Kunsuitstalling 2026: 'n Visuele Interpretasie van Nkosi Sikelel' iAfrika






**Opening: Woensdag 1 Julie 2026 om 18:00**
**Galery-ure: Daagliks tussen 10:00 en 17:00**
**Begeleide rondleiding: 12:00 daagliks**
**Plek: Innibos-kunsgalerye by Hoërskool Bergvlam**

'n Volkslied word gedefinieer as "'n opwindende of opheffende lied van viering wat met 'n spesifieke groep, liggaam of saak geassosieer word". Nasionale volksliedere is egter patriotiese musikale komposisies wat die geskiedenis, tradisie en oortuigings van 'n nasie simboliseer en 'n kragtige rol speel in 'n land se beeldvorming, saam met vlae, geldeenheid of posseëls.v

Deelnemende kunstenaars: Bob Mnisi, Dineo Mauke, Elize Buitendag, Eric Manganye, Ingrid Uys, John Moore, Michael Selekane, Rene Eloff, Samantha Maseko, Willem Pretorius en ander.

Suid-Afrika se relatief jong volkslied, Nkosi Sikelel' iAfrika, is gegrond op 'n kombinasie van geskiedenisse en tale, en erken en omarm ons gelaagde en ryk kulturele landskap in 'n enkele lied. Ons volkslied is wêreldwyd uniek deurdat dit twee verskillende liedere kombineer en vyf van die elf amptelike tale insluit, naamlik isiXhosa, isiZulu en Sesotho, met byvoegings van Afrikaans en Engels.

## Feeskunstenaar Uitstalling 2026: Odette Saayman – Waar die Kranse Antwoord Gee





**Opening: Woensdag 1 Julie 2026 om 18:00**
**Galery-ure: Daagliks tussen 10:00 en 17:00**
**Begeleide rondleiding: 12:00 daagliks**
**Plek: Innibos-kunsgalerye by Hoërskool Bergvlam**

In aansluiting by die oorkoepelende tema van "Volkslied", is ons trots om Odette Saayman as die Feeskunstenaar vir 2026 aan te bied. In haar derde solo-uitstalling verken Odette 'n verskeidenheid onderwerpe wat Suid-Afrikaanse identiteit vier en die gees van ons land in 'n kragtige visuele uitbeelding definieer.

Skilderye, aangebied in olieverf op doek, beliggaam die diversiteit van ons mense in tonele uit die alledaagse lewe. 'n Paar stillewe-uitbeeldings vang die soet vrugte van ons land vas. Ons unieke landskap word skerp uitgebeeld deur Odette se fyn kwashale, waar berge, ruwe kranse en rotsformasies die sintuie op elke vlak prikkel.